| Butter from other neighbouring territories (Rhodesia, Bechuanaland Protectorate, Swaziland, etc.), in stock at end of month | .....lb. |
| *Butter from overseas received during the month | .....lb. |
| Butter from overseas in stock at end of month | .....lb. |
| †Cheese, Cheddar (Union), manufactured during the month | .....lb. |
| †Cheese, Gouda (Union), manufactured during the month | .....lb. |
| †Cheese, other (Union) (excluding all Process cheese), manufactured during the month | .....lb. |
| †Cheese, Process (Union), manufactured during the month | .....lb. |
| Cheese, Cheddar (Union), in stock at end of month | .....lb. |
| Cheese, Gouda (Union), in stock at end of month | .....lb. |

* Butter which was actually received and stored on the premises during the month, whether on behalf of yourselves or others, should be shown.

† In estimating for cheese, allow 7 per cent. off green weight.

*Hoeveelheid.*

Kaas, ander (Unie-) (uitgesonderd alle Proseskaas), in voorraad aan end van maand ... ... ...

BYLAE C.

GRAANMEULE.

| | *Hoeveelheid—Ton.* (2,000 lb.). |
|---|---|
| Totale koring (Unie- en ingevoerde), gemaal gedurende die maand ... ... ... ... | ..... |
| Meelblom geproduseer gedurende die maand | ..... |
| Koringmeel of boermeel, gesif en ongesif, geproduseer gedurende die maand ... ... | ..... |
| Meelblom, totale voorraad aan end van maand ... ... ... ... ... ... ... ... ... | ..... |
| Koringmeel of boermeel, gesif en ongesif totale voorraad aan end van maand ... | ..... |
| Koring (Unie-), totale voorraad aan end van maand (by meul, in graansuiers, ens) | ..... |
| Koring (ingevoerde), totale voorraad aan end van maand (by meul, in graansuiers, ens.) ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | ..... |

## DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1131.] [4 Augustus 1939.

MUNISIPALITEIT NIGEL, TRANSVAAL.—ALLEENREG OM KAFFERBIER TE VERSKAF.

Die volgende wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2040 van 31 Desember 1937, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 695 van 29 April 1938, word hierby vir algemene informasie gepubliseer:—

Skrap „2 n.m." waar dit in subparagraaf (ii) van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel 2 van die regulasies voorkom en vervang dit deur „12 n.m.".

✱ No. 1139.] [4 Augustus 1939.

„NATURELLEN (STADSGEBIEDEN) WET", No. 21 VAN 1923.—BEVOEGDHEID OM TE DEURSOEK.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake, ingevolge subartikels (2) (*a*) en (2) (*b*) van artikel *drie-en-twintig* van die „Naturellen (Stadsgebieden) Wet", No. 21 van 1923, soos gewysig by Wette No. 25 van 1930 en No. 46 van 1937, onderstaande regulasies gemaak het om van krag te wees vanaf die datum van afkondiging hiervan in alle stedelike gebiede binne die Unie van Suid-Afrika:—

'n Blanke lid van die Suid-Afrikaanse Polisie met die rang van sersant of hoër, of enige deur hom daartoe gemagtigde blanke lid van die mag, of 'n blanke „gemagtigde beampte" in diens van die betrokke stedelike plaaslike bestuur kan enige perseel ten opsigte waarvan daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat kafferbier in stryd met genoemde Wet of enige wysiging daarvan of enige regulasies ingevolge daarvan opgestel, daarop gebrou, gehou, verskaf of verkoop word sonder lasbrief binnetree en deursoek, en beslag lê op enige sodanige kafferbier daarop aangetref.

Die hof kan die verbeurdverklaring beveel van enige kafferbier ten opsigte waarvan 'n skuldigbevinding plaasgevind het.

Goewermentskennisgewing No. 1403 van 26 Augustus 1938 word hierby herroep.

✱ No. 1149.] [4 Augustus 1939.

ARBEIDSDISTRIK VRYHEID.—WYSIGING VAN REGULASIES.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen in artikel *drie-en-twintig* van die „Naturelle-arbeid Regelingswet, 1911", sy goedkeuring te heg aan die wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2352 van 1926 deur die invoeging van die volgende nuwe artikel 23; die bestaande artikel 23 word 24:—

„23. Iedereen wat—

(1) enige werkkaart, waarna verwys word in artikel *een-en-dertig* van die regulasies vir algemene toepassing dwarsdeur die Unie, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1988 van 1911, weerhou van 'n naturelle-arbeider of wat in besit gevind word van sodanige kaart sonder wettige magtiging, of

(2) in gebreke bly om sodanige kaart by die voltooiing van enige werkdag te endosseer, of wat verkeerde besonderhede daarop endosseer, of dit verander, skend of vernietig, of wat enige naturelle-arbeider van sodanige kaart beroof,

is skuldig aan 'n oortreding."

SCHEDULE C.

GRAIN MILLS.

| | *Quantity—Tons* (2,000 lb.). |
|---|---|
| Total wheat (Union and imported), ground during month ... ... ... ... ... ... ... ... ... | ..... |
| Flour produced during month ... ... ... ... | ..... |
| Wheatmeal or boermeal, sifted and unsifted, produced during month ... ... ... | ..... |
| Flour, total quantity held at end of month | ..... |
| Wheatmeal or Boermeal, sifted and unsifted, total quantity held at end of month ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | ..... |
| Wheat (Union), total quantity held at end of month (at mill, in elevators, etc.) ... | ..... |
| Wheat (imported), total quantity held at end of month (at mill, in elevators, etc.) | ..... |

## DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1131.] [4 August 1939.

MUNICIPALITY OF NIGEL, TRANSVAAL.—EXCLUSIVE MUNICIPAL SUPPLY OF KAFFIR BEER.

The following amendment of the regulations contained in Government Notice No. 2040, dated 31st December, 1937, as amended, by Government Notice No. 695, dated the 29th April, 1938, is hereby published for general information:—

Delete the words "2 p.m." where they occur in subparagraph (ii) of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section 2 of the regulations and substitute therefor the words "12 noon"

✱ No. 1139.] [4 August 1939.

NATIVES (URBAN AREAS) ACT, No. 21 OF 1923.—POWERS OF SEARCH.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has made the following regulations, in terms of sub-sections (2) (*a*) and (2) (*b*) of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Act, No. 21 of 1923, as amended by Acts Nos. 25 of 1930 and 46 of 1937, to be of force and effect in all urban areas in the Union of South Africa from the date of promulgation hereof:—

Any European member of the South African Police of or above the rank of Sergeant, or any European member of the Force authorised by him, or any European authorised officer employed by the urban local authority concerned, may enter and search without warrant any premises on which it is reasonably suspected that kaffir beer is being made, kept, supplied or sold in contravention of such Act, or any amendment thereof, or of any regulations framed in terms thereof; and any kaffir beer made, kept or procured in contravention of the said Act or regulations may be seized by such Police Officer or constable or authorised officer.

The Court may order the confiscation of any kaffir beer in respect of which a conviction has been sustained.

Government Notice No. 1403, dated 26th August, 1938, is hereby repealed.

✱ No. 1149.] [4 August 1939.

VRYHEID LABOUR DISTRICT.—AMENDMENT OF REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, under and by virtue of the powers vested in him by section *twenty-three* of the Native Labour Regulation Act, 1911, of the amendment of the regulations published under Government Notice No. 2352 of 1926, by the insertion of the following new section 23, the existing section 23 being renumbered 24:—

"23. Any person who—

(1) withholds any work ticket, referred to in section *thirty-one* of the regulations for general application throughout the Union, published in Government Notice No. 1988 of 1911, from a native labourer or is found in possession of such ticket without lawful authority, or

(2) fails to endorse such ticket on the completion of any working day, or endorses false particulars thereon, or alters, defaces, destroys or deprives any native labourer of any such ticket,

shall be guilty of an offence."

## UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1130.] [4 Augustus 1939.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat dr. G. von W. Eybers, Professionele Assistent, aangestel is om op te tree as Sekretaris van Onderwys gedurende die afwesigheid van professor M. C. Botha, Sekretaris van Onderwys.

✱ No. 1148.] [4 Augustus 1939.

WITWATERSRANDSE TEGNIESE KOLLEGE.—AANSTELLING VAN RAADSLID.

Ingevolge regulasie 5 (ii) van die regulasies opgestel ingevolge artikel *negentien* van die „Hoger Onderwys Wet" (No. 30 van 1923), word hierby bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Onderwys behaag het om mnr. T. K. Prentice as lid van die Raad van die Witwatersrandse Tegniese Kollege te benoem, in die plek van ds. L. E. Brandt, wat oorlede is, vir die onverstreke tydperk van sy dienstermyn, d.w.s. tot 31 Desember 1940.

✱ No. 1164.] [4 Augustus 1939.

UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT.

TAALTOETSE VIR STAATSAMPTENARE.

Staatsamptenare (manlik of vroulik) wat verlang om bewys te lewer van bekwaamheid in die gebruik van albei landstale, word toegelaat om hulle te laat inskrywe vir die toetse in Afrikaans en/of Engels wat in verband met die Staatsdienseksamens (A) en (B) op 8 en 9 Februarie 1940 afgeneem sal word.

Inskrywingsvorms is by die Eksamenbeampte, Unie-onderwysdepartement, Posbus 1035, Pretoria, verkrygbaar.

Inskrywings moet op die voorgeskrewe vorm T.E. 35 (*d*) ingedien word en moet aan die Eksamenbeampte nie later as 31 Desember 1939 gepos word nie. Vorms wat die Poskantoordatumstempel van na 31 Desember 1939 dra, sal nie aangeneem word nie.

Die eksamengelde aan die Sekretaris van Onderwys betaalbaar is 5s. vir die toets in een taal en 10s. vir die toetse in albei tale.

Die toetse sal afgeneem word op plekke waar kandidate vir die Staatsdienseksamens (A) en (B) ingeskryf is.

A. A. ROWAN,
Eksamenbeampte.

✱ No. 1165.] [4 Augustus 1939.

STAATSDIENSEKSAMENS.

1. Die eerskomende Staatsdienseksamens (A), (B) en (C) sal op die volgende datums afgeneem word:—

Staatsdienseksamen (C): 16 en 17 November 1939.
Staatsdienseksamens (A) en (B): 8 en 9 Februarie 1940.

Volledige besonderhede aangaande elk van die eksamens word onder afdelings 2, 3 en 4 van hierdie kennisgewing aangegee.

Inskrywingsvorms vir hierdie eksamens is slegs van die Eksamenbeampte, Unie-onderwysdepartement, Posbus 1035, Pretoria, verkrygbaar. Aansoeke om inskrywingsvorms moet duidelik aandui vir watter eksamen(s) die kandidaat hom wil laat inskryf. Inskrywings moet op die voorgeskrewe vorms ingedien word, en moet nie later as 30 September 1939, in die geval van Staatsdienseksamens (C), en 31 Desember 1939, in die geval van die Staatsdienseksamens (A) en (B), gepos word nie. Laat inskrywings word nie aangeneem nie.

Die eksamens sal afgeneem word in enige dorp binne die Unie en die mandaatgebied Suidwes-Afrika waar geskikte plaaslike reëlings vir toesig en akkommodasie getref kan word en waar die aantal kandidate die koste verbonde aan die stigting van 'n eksamensentrum regverdig. Kandidate in dorpe waar eksamensentra nie gestig kan word nie, sal minstens twee weke voor die aanvang van die eksamen van die naaste eksamensentrum verwittig word.

Vir elke eksamen word vier skriftelike toetse van twee uur elk afgeneem in Afrikaans, Engels, Algemene Kennis en Noukeurigheid. Geen leerplan word voorgeskryf nie en geen boeke word voorgeskryf of aanbeveel nie. Geen inligting aangaande die omvang en standaard van die eksamens word verstrek nie.

Geen eksamengelde word gehef nie. Persone van wie inskrywings aangeneem is, is nie noodwendig verplig om eksamen te doen nie.

Kandidate druip of slaag nie in die eksamen nie. Die name van die beste kandidate (die aantal word bepaal deur die vakatures wat daar waarskynlik gedurende 1940 sal ontstaan) sal teen die end van Februarie 1940, in die geval van die Staatsdienseksamen (C), en teen die end van Maart 1940, in die geval van die Staatsdienseksamens (A) en (B), gepubliseer word.

## UNION DEPARTMENT OF EDUCATION.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1130.] [4 August 1939.

It is hereby notified for general information that Dr. G. von W. Eybers, Professional Assistant, has been appointed to act as Secretary for Education during the absence of Professor M. C. Botha, Secretary for Education.

✱ No. 1148.] [4 August 1939.

WITWATERSRAND TECHNICAL COLLEGE.—APPOINTMENT OF COUNCIL MEMBER.

In terms of section 5 (ii) of the regulations framed under section *nineteen* of the Higher Education Act, No. 30 of 1923, it is hereby notified that the Honourable the Minister of Education has been pleased to appoint Mr. T. K. Prentice as a member of the Council of the Witwatersrand Technical College, *vice* the Rev. L. E. Brandt, deceased, for the unexpired period of his service, i.e. until the 31st December, 1940.

✱ No. 1164.] [4 August 1939.

UNION DEPARTMENT OF EDUCATION.

LANGUAGE TESTS FOR PUBLIC SERVANTS.

Public Servants (male and female) who desire to produce evidence of ability to use both official languages will be allowed to enter for the tests in English and/or Afrikaans to be held in conjunction with the Public Service Examinations (A) and (B) on the 8th and 9th February, 1940.

Entry forms are obtainable from the Examinations Officer, Union Department of Education, P.O. Box 1035, Pretoria. Entries must be made on the prescribed entry form T.E. 35 (*d*) and must be posted to the Examinations Officer on or before the 31st December, 1939. Forms bearing the Post Office date stamp of after the 31st December, 1939, will not be accepted.

The examination fee payable to the Secretary for Education is 5s. for the test in one language and 10s. for the test in both languages.

The tests will be held at centres where candidates have entered for the Public Service Examinations (A) and (B).

A. A. ROWAN,
Examinations Officer.

✱ No. 1165.] [4 August 1939.

PUBLIC SERVICE EXAMINATIONS.

1. The next Public Service Examinations (A), (B) and (C) will be held on the following dates:—

Public Service Examination (C): 16th and 17th November, 1939.
Public Service Examinations (A) and (B): 8th and 9th February, 1940.

Full particulars regarding each examination are given in sections 2, 3, and 4 hereof.

Entry forms for these examinations are obtainable only from the Examinations Officer, Union Department of Education, P.O. Box 1035, Pretoria, and applications for entry forms must state clearly the particular examination(s) for which the candidate desires to enter. Entries must be made on the prescribed forms and be posted not later than the 30th September, 1939, in the case of the Public Service Examination (C), and the 31st December, 1939, in the case of the Public Service Examinations (A) and (B). In no circumstances will late entries be accepted.

The examinations will be held in any town within the Union and the Mandated Territory of South West Africa where satisfactory arrangements for supervision and accommodation can be made, and the number of entrants warrants the expense of establishing an examination centre. Candidates in towns where examination centres cannot be established, will be advised at least fourteen days before the examination commences of the nearest examination centre.

For each examination there will be four two-hour written tests, one in each of the following: English, Afrikaans, General Knowledge, Accuracy. No syllabus is prescribed and no books are prescribed or recommended. No information regarding the scope and standard of the examinations can be given.

No examination fee will be charged. Persons whose entries have been accepted are not compelled to sit for the examination.

Candidates do not pass or fail the examination. The names of the best candidates (the number will depend upon the vacancies which are likely to occur during 1940) will be published towards the end of February, 1940, in the case of the Public Service Examination (C), and towards the end of March, 1940, in the case of the Public Service Examinations (A) and (B).

Indien geen inskrywingsvorm binne veertien dae nadat die aansoek daarom gepos is, ontvang is nie, moet die departement sonder versuim daarvan in kennis gestel word.

Aangesien daar 'n groot aantal verouderde vorms in omloop is, word kandidate aangeraai om vorms regstreeks van hierdie departement te verkry.

Nadere besonderhede aangaande die Eksamen van Spoorweë en Hawens, asook die nodige inskrywingsvorms, is van die Afdelingsbestuurders van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens verkrygbaar.

### 2. Staatsdienseksamen (A).

Die Staatsdienseksamen (A) is bedoel vir manspersone wat verlang om vir aanstelling as klerklike assistente, graad II, in die klerklike afdeling van die Unie-staatsdiens in aanmerking te kom.

Aspirant-kandidate moet in die Matrikulasie-eksamen, in minstens SES vakke met inbegrip van Afrikaans (of Nederlands) en Engels, geslaag het, of anders in 'n eksamen wat deur die Staatsdienskommissie as daarmee gelykstaande erken word.

Kandidate vir die Matrikulasie- of daarmee gelykstaande eksamen van November/Desember 1939, kan hulle ook vir die Staatsdienseksamen (A) laat inskryf, maar slegs diegene wat werklik in eersgenoemde eksamen in minstens SES vakke, met inbegrip van Afrikaans (of Nederlands) en Engels, slaag, of, wat voor 1 April 1940 deur middel van 'n aanvullingseksamen sukses behaal in die voorgeskrewe aantal vakke, sal vir aanstelling in aanmerking kom.

Onderstaande sertifikate word deur die Staatsdienskommissie as gelykstaande met die Matrikulasie-sertifikaat erken, mits die kandidaat in minstens ses vakke, met inbegrip van beide landstale, d.w.s. Afrikaans (of Nederlands) en Engels, geslaag het:—

(i) Die Nasionale Senior Sertifikaat (Unie-onderwysdepartement).

(ii) Die Skooleind-sertifikaat (Gemeenskaplike Matrikulasieraad).

(iii) Die Kaapse Senior Sertifikaat (Departement van Openbare Onderwys, Kaapland).

(iv) Die Middelbare Skool-sertifikaat (Transvaalse Onderwysdepartement).

(v) Die Skooleind-sertifikaat (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement).

Die Staatsdienseksamen (A) is verpligtend vir alle aspirant-applikante vir aanstelling as klerklike assistente, graad II, in die Unie-staatsdiens, al het hulle ander en beter kwalifikasies as die voorgeskrewe minimum.

Die Staatsdienskommissie kan gekwalifiseerde prokureurs of persone in besit van die grade B.A. en LL.B. heeltemal of gedeeltelik van die Staatsdienseksamen (A) vrystel. Aansoeke om vrystelling van die Staatsdienseksamen (A) moet aan die Sekretaris, Staatsdienskommissie, Pretoria, gerig word, en nie aan die Unie-onderwysdepartement nie.

Kandidate se aandag word gevestig op artikel *tien* (2) van die Staatsdienswet, No. 27 van 1923, soos gewysig, wat bepaal dat manspersone by eerste aanstelling in die klerklike afdeling van die Staatsdiens minstens sestien en hoogstens vyf-en-twintig jaar moet wees.

Aspirant-kandidate wat reeds in vaste goewermentsdiens is, word in kennis gestel dat dit die bedoeling met die Staatsdienseksamen (A) is om vakatures in die junior klerklike range te vul, en dat blote uitkiesing vir aanstelling hulle nie noodwendig aanspraak op klerklike poste of, in die geval van aanstelling in of oorplasing na die klerklike afdeling van die Staatsdiens met hul eie toestemming, op die behoud van emolumente wat in ander hoedanighede getrek is, gee nie.

### 3. Staatsdienseksamen (B).

Die Staatsdienseksamen (B) is bedoel vir persone wat verlang om vir aanstelling as vroulike klerke in die Unie-staatsdiens in aanmerking te kom.

Persone wat in die Junior Sertifikaat-eksamen van die Universiteit in minstens vyf vakke met inbegrip van beide landstale, d.w.s. Afrikaans (of Nederlands) en Engels, of in 'n eksamen wat deur die Staatsdienskommissie erken word as daarmee gelykstaande of van 'n hoër standaard, geslaag het, word toegelaat om die Staatsdienseksamen (B) af te lê.

Kandidate vir die Junior Sertifikaat- of 'n daarmee gelykstaande eksamen van November/Desember 1939, kan hulle ook vir die Staatsdienseksamen (B) laat inskryf, maar slegs diegene wat werklik in eersgenoemde eksamen slaag, word toegelaat om die Staatsdienseksamen (B) af te lê.

If no entry form has been received within fourteen days after posting the application, the Department should be informed without delay.

As there are many obsolete forms in circulation, it is essential that candidates obtain their entry forms direct from the Department.

Full particulars regarding the Railways and Harbours Examination, as well as the necessary entry forms, are obtainable from the various System Managers of the South African Railways and Harbours Administration.

### 2. Public Service Examination (A).

The Public Service Examination (A) is intended for males who are desirous of being considered for appointment as second grade clerks in the clerical division of the Public Service of the Union.

Candidates must have passed the Matriculation examination in at least *six subjects*, including English and Afrikaans or Nederlands, or an examination recognised by the Public Service Commission as equivalent thereto.

Entrants for the Matriculation or equivalent examination to be conducted in November-December, 1939, however, may also enter for the Public Service Examination (A), but only those who are actually successful in the former in at least six subjects, including English and Afrikaans or Nederlands, or attain the requisite number of subjects through success at supplementary examinations before the 1st April, 1940 will be eligible for appointment.

The following certificates are recognised by the Public Service Commission as being equivalent to the Matriculation Certificate, provided the candidate has passed in at least six subjects in which both official languages (i.e. English and Afrikaans or Nederlands) are included:—

(i) The National Senior Certificate (Union Department of Education).

(ii) The School Leaving Certificate (Joint Matriculation Board).

(iii) The Cape Senior Certificate (Cape Education Department).

(iv) The Transvaal Secondary School Certificate (Transvaal Education Department).

(v) The School Leaving Certificate (Orange Free State Education Department).

The Public Service Examination (A) is compulsory for all prospective appointees as second grade clerks in the clerical division of the Public Service notwithstanding the possession by them of other and higher qualifications than the minimum prescribed.

Persons, however, who are qualified attorneys or who are in possession of the B.A., together with LL.B. degrees, may be granted full or partial exemption from the Public Service Examination (A) by the Public Service Commission.

Applications for exemption from the Public Service Examination (A) must be addressed to the Secretary, Public Service Commission, and not to the Union Department of Education.

Candidates should note that according to the provisions of section *ten* (2) of the Public Service Act, No. 27 of 1923, as amended, male persons on first appointment to the clerical division of the Public Service must be of the age of sixteen years or more and under the age of twenty-five years.

Prospective candidates already in permanent Government service are notified that the object of the Public Service Examination (A) is to fill vacancies in the junior clerical ranks and that selection for appointment *per se* confers no title to clerical posts or, in the event of appointment or transfer to the clerical division of the Public Service with their own consent, to the maintenance of emoluments drawn in other capacities.

### 3. Public Service Examination (B).

The Public Service Examination (B) is intended for persons who are desirous of being considered for appointment as women clerks in the Public Service of the Union.

Persons who have passed the University Junior Certificate examination in at least five subjects including both official languages (i.e. English and Afrikaans or Nederlands) or an examination recognised by the Public Service Commission as equivalent thereto or of a higher standard, are eligible for admission to the Public Service Examination (B).

Entrants for the Junior Certificate or equivalent examination to be conducted during November/December, 1939, may also enter for the Public Service Examination (B), but only those who are actually successful at the former will be eligible to sit for the Public Service Examination (B).

Onderstaande sertifikate word deur die Staatsdienskommissie erken as minstens gelykstaande met die Junior Sertifikaat-eksamen van die Universiteit, mits die kandidaat in beide landstale, d.w.s. Afrikaans (of Nederlands) en Engels geslaag het:—

(i) Die Nasionale Junior Sertifikaat van die Unie-onderwysdepartement (met ses vakke geëndosseer).
(ii) Die Nasionale Handelsertifikaat (Unie-onderwysdepartement).
(iii) Die Nasionale Senior Sertifikaat (Unie-onderwysdepartement.
(iv) Die Matrikulasie-sertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.
(v) Die Skooleind-sertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.
(vi) Die Kaapse Senior Sertifikaat.
(vii) Die Transvaalse Middelbare Skool-sertifikaat.
(viii) Die Skooleind-sertifikaat (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement).
(ix) Die Junior Sertifikate van die Provinsiale Onderwysdepartemente.

Die Staatsdienseksamen (B) is verpligtend vir alle aspirant-applikante vir aanstelling as vroulike klerke al is hulle in besit van ander en beter kwalifikasies as die voorgeskrewe minimum.

Geen persoon mag as vroulike klerk aangestel word nie tensy sy die ouderdom van sestien jaar of meer bereik het. Alleen persone wat gedurende 1940 sestien jaar of ouer sal wees, sal toegelaat word om hulle vir die Staatsdienseksamen (B) te laat inskryf.

Kandidate vir die Staatsdienseksamen (B) word nie toegelaat om hulle vir die Staatsdienseksamen (A) of die Spoorwegeksamen te laat inskryf nie.

### 4. Staatsdienseksamen (C).

Die Staatsdienseksamen (C) is bedoel vir (*a*) seuns en meisies wat verlang om as Proef-pos- en telegraafassistente, en (*b*) seuns wat verlang om as Vakleerlinge in die Ingenieursafdeling van die Departement van Pos- en Telegraafwese, toegelaat te word.

Persone wat in die Junior Sertifikaat-eksamen van die Universiteit in minstens vyf vakke met inbegrip van beide landstale [d.w.s. Afrikaans (of Nederlands) en Engels], of in 'n eksamen wat deur die Staatsdienskommissie erken word as daarmee gelykstaande of van 'n hoër standaard, geslaag het, en wat aan die voorgeskrewe vereistes insake ouderdom voldoen, sal toegelaat word om die Staatsdienseksamen (C) af te lê.

Kandidate vir die Junior Sertifikaat- of 'n daarmee gelykstaande eksamen van November/Desember 1939 kan hulle ook vir die Staatsdienseksamen (C) laat inskryf, maar slegs diegene wat werklik in eersgenoemde eksamen slaag en aan die vereistes van die Staatsdienseksamen (C) voldoen, kan vir aanstelling in aanmerking kom.

Onderstaande sertifikate word deur die Staatsdienskommissie erken as minstens gelykstaande met die Junior Sertifikaat-eksamen van die Universiteit, mits die kandidaat in beide landstale [d.w.s. Afrikaans (of Nederlands) en Engels] geslaag het:—

(i) Die Nasionale Junior Sertifikaat van die Unie-onderwysdepartement (met ses vakke geëndosseer).
(ii) Die Nasionale Handelsertifikaat (Unie-onderwysdepartement).
(iii) Die Nasionale Senior Sertifikaat (Unie-onderwysdepartement).
(iv) Die Matrikulasie-sertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.
(v) Die Skooleind-sertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.
(vi) Die Kaapse Senior Sertifikaat.
(vii) Die Transvaalse Middelbare Skool-sertifikaat.
(viii) Die Skooleind-sertifikaat (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement).
(ix) Die Junior Sertifikaat van die Provinsiale Onderwysdepartemente.

Die Staatsdienseksamen (C) is verpligtend vir alle aspirant-applikante vir aanstelling as Proef-pos- en -telegraafassistente of as Vakleerlinge in die Ingenieursafdeling van die Departement van Pos- en Telegraafwese, al is hulle in besit van ander en beter kwalifikasies as die voorgeskrewe minimum.

Geen seun word tot die Staatsdienseksamen (C) toegelaat nie tensy hy die ouderdom van vyftien jaar gedurende 1940 bereik en op 1 April 1940 onder die ouderdom van agtien jaar sal wees.

Geen meisie word tot die Staatsdienseksamen (C) toegelaat nie tensy sy die ouderdom van sestien jaar gedurende 1940 bereik en op 1 April 1940 onder die ouderdom van neëntien jaar sal wees. Daar dien egter op gelet te word dat 'n seun nie voor sy vyftiende of 'n meisie voor haar sestiende verjaarsdag aangestel kan word nie.

Suksesvolle kandidate wat verlang om vir Vakleerlingskap in die Ingenieursafdeling van die Departement van Pos- en Telegraafwese in aanmerking te kom, sal persoonlik ondersoek word, ten einde hul algemene en liggaamlike geskiktheid vir 'n vyfjarige opleidingskursus vas te stel. Diegene wat nie aan die vereistes voldoen nie of wat, weens die beperkte aantal vakatures nie geplaas kan word nie, sal vir aanstelling as Proef-pos- en -telegraafassistente in aanmerking geneem word.

The following certificates are recognised by the Public Service Commission as being equivalent to the University Junior Certificate provided the candidate has passed in both official languages (i.e. English and Afrikaans or Nederlands):—

(i) The National Junior Certificate—Union Department of Education (endorsed with six subjects).
(ii) The National Commercial Certificate—Union Department of Education.
(iii) The National Senior Certificate—Union Department of Education.
(iv) The Matriculation Certificate of the Joint Matriculation Board.
(v) The School Leaving Certificate of the Joint Matriculation Board.
(vi) The Cape Senior Certificate.
(vii) The Transvaal Secondary School Certificate.
(viii) The School Leaving Certificate (Orange Free State Education Department).
(ix) The Junior Certificates of the Provincial Education Departments.

The Public Service Examination (B) is compulsory for all prospective appointees as women clerks notwithstanding the possession by them of other and higher qualifications than the minimum prescribed.

No person may be appointed as a woman clerk unless she has attained the age of sixteen years or over.

Only persons who attain the age of sixteen years or over during 1940 will be permitted to enter for the Public Service Examination (B).

Candidates for the Public Service Examination (B) are not permitted to enter for the Public Service Examination (A) or the Railways and Harbours Examination.

### 4. Public Service Examination (C).

The Public Service Examination (C) is intended for (*a*) boys and girls who are desirous of being considered for appointment as Probationer Post and Telegraph Assistants, and (*b*) boys desirous of entering as Apprentices in the Engineering Division of the Department of Posts and Telegraphs.

Persons who have passed the University Junior Certificate examination in at least five subjects, including both official languages (i.e. English and Afrikaans or Nederlands) or an examination recognised by the Public Service Commission as equivalent thereto or of a higher standard, and who satisfy the prescribed age qualifications are eligible for admission to the Public Service Examination (C).

Entrants for the Junior Certificate or equivalent examination to be conducted during November/December, 1939, may also enter for the Public Service Examination (C), but only those who are actually successful at the former and satisfy the requirements of the Public Service Examination (C) will be eligible for appointment.

The following certificates are recognised by the Public Service Commission as being equivalent to the University Junior Certificate provided the candidate has passed in both official languages (i.e. English and Afrikaans or Nederlands):—

(i) The National Junior Certificate—Union Department of Education (endorsed with six subjects).
(ii) The National Commercial Certificate—Union Department of Education.
(iii) The National Senior Certificate—Union Department of Education.
(iv) Matriculation Certificate of the Joint Matriculation Board.
(v) The School Leaving Certificate of the Joint Matriculation Board.
(vi) The Cape Senior Certificate.
(vii) The Transvaal Secondary School Certificate.
(viii) The School Leaving Certificate (Orange Free State Education Department).
(ix) The Junior Certificates of the Provincial Education Departments.

The Public Service Examination (C) is compulsory for all prospective appointees as Probationer Post and Telegraph Assistants or Apprentices in the Engineering Divison of the Department of Posts and Telegraphs notwithstanding the possession by them of other and higher qualifications than the minimum prescribed.

No boy may be admitted to the Public Service Examination (C) unless he attains the age of fifteen years during 1940 and will be under the age of eighteen on the 1st April, 1940. No girl may be admitted to the Public Service Examination (C) unless she attains the age of sixteen years during 1940 and will be under the age of nineteen on the 1st April, 1940.

It should be noted, however, that a boy cannot actually be *appointed* before his fifteenth birthday nor a girl before her sixteenth birthday.

Successful candidates for apprenticeships in the Engineering Division of the Department of Posts and Telegraphs will be interviewed to determine their general and physical suitability for a course of training of five years' duration. Those who do not conform to requirements or cannot be accommodated owing to the limited number of vacancies, will be considered for appointment as Probationer Post and Telegraph Assistants.

## DEPARTEMENT VAN ARBEID.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1140.] [4 Augustus 1939.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN VAKVERENIGING.

Ek, M. TOBIAS, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens subartikel (2) van artikel *vyftien* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat tensy gronde vir die teenoorgestelde binne 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aangevoer word, die registrasie van die „ Port Elizabeth and Uitenhage Assistants Hairdressers' Union " ingetrek sal word.

M. TOBIAS,
Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 1150.] [4 Augustus 1939.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

BOUNYWERHEID, WITWATERSRAND EN PRETORIA.

Ek, HARRY GORDON LAWRENCE, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die skedule hiervan verskyn en betrekking het op die Bounywerheid vanaf die 14de dag van Augustus 1939, en vir die tydperk wat eindig op die 13de dag van Februarie 1940, bindend is op die werkgewersorganisasies en vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasies of daardie verenigings;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 1 tot en met 22 en 24 en 26 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 14de dag van Augustus 1939, en vir die tydperk wat eindig op die 13de dag van Februarie 1940, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde nywerheid in die magistraatsdistrikte Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Heidelberg (Transvaal), 'n gebied binne 'n omtrek van 20 myl vanaf die Poskantoor, Krugersdorp, 'n gebied binne 'n omtrek van 10 myl vanaf die Poskantoor, Vereeniging, 'n gebied binne 'n omtrent van 20 myl vanaf die Hoofposkantoor, Pretoria en 'n gebied binne 'n omtrek van 5 myl van die Poskantoor, Witbank; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 1, 3 tot en met 21 en 24 en 26 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 14de dag van Augustus 1939, en vir die tydperk wat eindig op die 13de dag van Februarie 1940, in die magistraatsdistrikte Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Heidelberg (Transvaal), 'n gebied binne 'n omtrek van 20 myl vanaf die Poskantoor, Krugersdorp, 'n gebied binne 'n omtrek van 10 myl vanaf die Poskantoor, Vereeniging, 'n gebied binne 'n omtrek van 20 myl vanaf die Hoofposkantoor, Pretoria en 'n gebied binne 'n omtrek van 5 myl van die Poskantoor, Witbank *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „ werknemer " vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie.

H. G. LAWRENCE,
1 Augustus 1939. Minister van Arbeid.

SKEDULE.

„ INDUSTRIAL COUNCIL OF THE BUILDING INDUSTRY (WITWATERSRAND AND PRETORIA)."

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die „ Nywerheid-versoeningswet, 1937 " gemaak en aangegaan tussen die—

„ Master Builders' and Allied Trades Association, Witwatersrand "

„ Pretoria Master Builders' and Allied Trades Association "

(herein verder genoem „ die werkgewers " of „ die werkgewersorganisasies ") ter eenre, en die

„ Amalgamated Bricklayers' Trade Union of South Africa ",
„ Amalgamated Society of Woodworkers ",
„ Building Workers' Industrial Union of South Africa ",
„ Operative Plasterers' Trade Union of South Africa ",
„ South African Operative Masons' Society "

(herein verder genoem „ die arbeiders " of „ die vakverenigings "), ter andere;
wat die partye is by die „ Industrial Council of the Building Industry (Witwatersrand and Pretoria) ".

## DEPARTMENT OF LABOUR.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1140.] [4 August 1939.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1936.

CANCELLATION OF REGISTRATION OF TRADE UNION.

I, M. TOBIAS, Industrial Registrar, hereby notify, in terms of sub-section (2) of section *fifteen* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that unless cause is shown to the contrary within a period of fourteen days from the date of publication of this notice, the registration of the Port Elizabeth and Uitenhage Assistants Hairdressers' Union will be cancelled.

M. TOBIAS,
Industrial Registrar.

✱ No. 1150.] [4 August 1939.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

BUILDING INDUSTRY, WITWATERSRAND AND PRETORIA.

I, HARRY GORDON LAWRENCE, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto, and which relates to the Building Industry, shall be binding from the 14th day of August, 1939, and for the period ending the 13th day of February, 1940, upon the employers' organizations and trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of those organizations or those unions;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 1 to 22 (inclusive) and 24 and 26 of the said Agreement shall be binding from the 14th day of August, 1939, and for the period ending the 13th day of February, 1940, upon the other employers and employees engaged or employed in the said industry in the Magisterial Districts of Johannesburg, Germiston, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan and Heidelberg (Transvaal); an area within a 20 miles radius of the Post Office, Krugersdorp; an area within a 10 miles radius of the Post Office, Vereeniging; an area within a 20 miles radius of the General Post Office, Pretoria; and an area within a 5 miles radius of the Post Office, Witbank; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of Johannesburg, Germiston, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan and Heidelberg (Transvaal); an area within a 20 miles radius of the Post Office, Krugersdorp; an area within a 10 miles radius of the Post Office, Vereeniging; an area within a 20 miles radius of the General Post Office, Pretoria; and an area within a 5 miles radius of the Post Office, Witbank, and from the 14th day of August, 1939, and for the period ending the 13th day of February, 1940, the provisions contained in clauses 1, 3 to 21 (inclusive) and 24 and 26 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression " employee " contained in section *one* of the said Act.

H. G. LAWRENCE,
1st August, 1939. Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL OF THE BUILDING INDUSTRY (WITWATERSRAND AND PRETORIA).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into between the

Master Builders' and Allied Trades' Association,

Witwatersrand,

Pretoria Master Builders' and Allied Trades' Association

(hereinafter referred to as " the employers " or " the employers' organizations "), of the one part, and the

Amalgamated Bricklayers' Trade Union of South Africa,
Amalgamated Society of Woodworkers,
Building Workers' Industrial Union of South Africa,
Operative Plasterers' Trade Union of South Africa,
South African Operative Masons' Society

(hereinafter referred to as " the employees " or " the trade unions "), of the other part;

being the parties to the Industrial Council of the Building Industry (Witwatersrand and Pretoria).

1. Waar en op wie die Ooreenkoms van Toepassing is.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die Witwatersrandse en Pretoriase gebiede, soos in artikel 3 van die Ooreenkoms bepaal, nagekom word deur alle werkgewers en arbeiders in die bounywerheid wat lede is van die werkgewersorganisasies en die vakverenigings, met dien verstande dat—

(*a*) hulle op vakleerlinge van toepassing is slegs vir sover hulle nie met die bepalings van die „Vakleerlingen Wet, 1922", of enige kontrak aangegaan, of enige voorwaardes ingevolge daardie Wet vasgestel, teenstrydig is nie;

(*b*) artikels 4 (2) en (3), 8, 9, 10 (4), 13, 17, 21 en 25 nie van toepassing is op arbeiders vir wie lone in artikel 4 (1) (*a*) (i) of (ii) voorgeskryf is nie.

2. Tydperk waarvoor Ooreenkoms van Krag is.

Hierdie Ooreenkoms word van krag op sodanige datum as die Minister mag bepaal en bly van krag vir sodanige termyn as hy mag vasstel.

3. Woordbepalings.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word en in die „Nywerheid-versoeningswet, 1937", omskryf is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en by verwysing na 'n Wet is ook enige wysiging van sodanige Wet inbegrepe; verder, tensy teenstrydig met die sinsverband, beteken—

„Wet", die „Nywerheid-versoeningswet, 1937";

„vakleerling", 'n werknemer wat in diens is ingevolge 'n skriftelike vakleerlingskontrak geregistreer ingevolge die bepalings van die „Vakleerlingen Wet, 1922";

„bounywerheid" of „nywerheid", sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking op enige wyse te beperk, die nywerheid waarin die werkgewer en werknemer saamwerk om geboue en boustrukture op te rig, klaar te maak, te hernu, te herstel, in stand te hou, of te verander, en/of om artikels vir gebruik by die oprigting, voltooiing of verandering van geboue en geboustrukture te vervaardig (of die werk gedoen, die materiaal voorberei, of die nodige artikels op die bouterrein of elders vervaardig word, of nie) en sluit in alle werk wat gedoen word deur persone daarin wat in verband met onderstaande werksaamhede of onderdele daarvan in diens is—

*messelwerk* (baksteen), waarby inbegrepe is betonwerk, aanbring van betonblokke, teëls op mure en vloere inlê, voeging, bevloering, mosaïekwerk, leiklip-, marmer- en komposisiebekleding; riool-aanlegging, leiklip en dakpanne lê;

*elektrisiteitsaanlegging*, waarby montering, geleiding, en bygaande werksaamhede inbegrepe is;

*verniswerk*, waarby die aansit van vernis met 'n kwas of kussinkie en bespreiing met enige mengsel inbegrepe is;

*skrynwerk*, waarby die vervaardiging van alle skrynwerk-artikels inbegrepe is (of die gebruikte artikel in die gebou of struktuur deur die persoon wat die artikel vervaardig, of voorberei aangebring word of nie);

*installering van hystoestelle*, ook die vervaardiging van hysbakke of -kaste, en die oprigting en/of instandhouding van hystoestelle;

*werk met glas in lood en ander metale*, waarby inbegrepe is die maak en/of insit van vensters, verligte uithangborde, en die insit van glas in verband daarmee;

*messelwerk* (klip), waarby inbegrepe is klipbeitelwerk en klipbouwerk (met inbegrip van die uitbeitel en oprigting van ornamentele en monumentale klipwerk), bevestiging met beton, en aanbring van vooraf-gevormde of kunsmatige klip of marmer, bevloering, mosaïekwerk, voeging, inlê van teëls op mure en vloere, bediening van klipwerkmasjinerie, en skerpmaak van messelaarsgereedskap (of die gebruikte artikel in die gebou of struktuur deur die persoon wat dit vervaardig, of voorberei, aangebring word of nie);

*metaalwerk*, waarby inbegrepe is die aanbring van staalplafonne, metaalvensters, metaaldeure, bouerssmidswerk, metaalrame en metaaltrappe en boumetaalwerk, die vervaardiging en/of aanbring van getrokke metaalwerk en van geplette en uitgedrukte metaal (of die gebruikte artikel in die gebou of struktuur deur die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig, of voorberei, aangebring word of nie);

*skilderwerk*, waarby inbegrepe is versiering, uitplak met muurpapier, insit van ruite, afwit van mure met distemper, afwit van mure met kalk en kleurkalk, kleuring met verf, verniswerk, houtvlamming, marmering en bespreiing met verf, uithangborde skilder en muurversiering, die gebruik van teer en voortbrengsels daarvan;

*pleisterwerk*, waarby inbegrepe is vormwerk, insit van granolitiese en komposisievloere, komposisiebekleding en poleer van mure, klipwerk met vooraf-gevormde en kunsmatige klip, lê van teëls op mure en vloere, bevloering en mosaïekwerk (of die gebruikte artikels in die gebou of struktuur deur die persoon wat die artikels vervaardig of voorberei, aangebring word of nie);

1. Scope of Application of Agreement.

The terms of this Agreement shall be observed in the Witwatersrand and Pretoria areas as defined in Clause 3 of the Agreement by all employers and employees in the Building Industry who are members of the employers' organizations and the trade unions, provided that—

(*a*) the terms shall apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1922, or any contract entered into or any conditions fixed, thereunder;

(*b*) clauses 4 (2) and (3), 8, 9, 10 (4), 13, 17, 21 and 25 shall not apply to employees for whom wages are specified in clause 4 (1) (*a*) (i) or (ii).

2. Period of Operation of Agreement.

This Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister and shall remain in force for such period as may be fixed by him.

3. Definitions.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1937, shall have the same meanings as in that Act, and any reference to an Act shall include any amendment of such Act; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1937;

"apprentice" means an employee serving under a written contract of apprenticeship registered under the provisions of the Apprenticeship Act, 1922;

"Building Industry" or "Industry" means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the industry in which employer and employee are associated for the purpose of erecting, completing, renovating, repairing, maintaining or altering buildings and structures and/or the making of articles for use in the erection, completion or alteration of buildings and structures, whether the work is performed, the material is prepared, or the necessary articles are made on the sites of the buildings or structures or elsewhere, and shall include all work executed or carried out by persons therein who are engaged in the following activities or sub-divisions thereof:—

*bricklaying*, which includes concreting and the fixing of concrete blocks, tiling of walls and floors, pointing, paving, mosaic work, facing work in slate, in marble and in composition, drain laying, slating and roof tiling;

*electrical installation*, which includes electrical fitting and wiring and operations incidental thereto;

*french polishing*, which includes polishing with a brush or pad, and spraying with any composition;

*joinery*, which includes the manufacture of all articles of joinery, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

*lift installation*, which includes the manufacture of lift cars or cages, and the erection and/or maintenance of lifts;

*light making, lead and other metals*, which includes the manufacture and/or fixing of lights, display signs, and glazing relating thereto;

*masonry*, which includes stone cutting and building (also the cutting and building of ornamental and monumental stone work), concreting and the fixing or building of precast or artificial stone or marble, paving, mosaic work, pointing, wall and floor tiling, operating of stone working machinery and sharpening of mason's tools, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

*metal work*, which includes the fixing of steel ceilings, metal windows, metal doors, builders' smith work, metal frames and metal stairs and architectural metal work, the manufacture and/or fixing of drawn metal work and sheet and extruded metal, whether or not the fixing in a building or structure is done by the person making or preparing the article used;

*painting*, which includes decorating, paper-hanging, glazing, distempering, lime and colour washing, staining, varnishing, graining and marbling and spraying, signwriting and wall decoration, the use of tar and its products;

*plastering*, which includes modelling, granolithic and composition flooring, composition wall covering and polishing, precast or artificial stone work, wall and floor tiling, paving and mosaic work, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

*loodgietery*, waarby inbegrepe is loodsmelting, gaspypmontering, saniteits- en huiswerktuigkunde,, riool-aanlegging, kalfaatwerk, ventilering, verwarming, montering in verband met warm- en kouwaterstelsel, aanbring van vuurmaakgeriewe, en vervaardiging en aanbring van alle geplette metaalwerk (of die gebruikte artikels in die gebou of struktuur deur die persoon wat die artikels vervaardig of voorberei, aangebring word of nie);

*winkel-, kantoor- en bankmontering*, waarby inbegrepe is die vervaardiging en/of aanbring van winkelvoorkante, vensterhokke, uitstalkaste, toonbanke, afskortings en binneuitrusting en -toebehorings;

*staalversterking*;

*staalkonstruksie*, waarby inbegrepe is die aanbring van alle soorte staal- en ander metaalpilare, staalhoofbalke, staal-dwarsbalke, of metaal in enige ander vorm wat deel uitmaak van 'n gebou of struktuur;

*houtwerk*, waarby inbegrepe is timmerwerk, masjienhoutwerk, houtdraaiwerk, houtsnywerk, die aanbring van sinkplaat, geluid- of akoestiekmateriaal, kurk- of asbes-isolering, maak van kaplatte, komposisiebekleding van plafonne en mure, tappe in mure inslaan, metaalbekleding van houtwerk, insit van blokkies- en ander vloere met inbegrip van hout- en kurkvloere en afwerking met skuurpapier (of die gebruikte artikels in die gebou of struktuur deur die persoon wat die artikels vervaardig of voorberei, aangebring word of nie);

„ Raad " die „ Industrial Council of the Building Industry (Witwatersrand en Pretoria) ", soos kragtens artikel *twee* van die Nijverheid-Verzoenings Wet, 1924, geregistreer en beskou as geregistreer te wees ingevolge die Wet;

„ plattelandswerk " alle werk binne 'n gebied waarin hierdie Ooreenkoms van krag is, behalwe in 'n gebied binne 'n kring van agt myl vanaf die hoofposkantoor van enige dorp in artikel 8 genoem;

„ noodsaaklike diens ", enige werk wat noodwendig verrig moet word om die gesondheid en veiligheid van die publiek of die voortsetting van enige ander bedryf, besigheid of onderneming te verseker;

„ plaaslike komitee ", 'n plaaslike komitee van die Raad wat kragtens die bepalings van sy konstitusie aangestel is vir die reëling van nywerheidsooreenkomste in 'n gespesifiseerde gebied; die adresse van die komitees, aldus aangestel, is soos hieronder:—

Plaaslike Komitee vir die Witwatersrandse gebied, Posbus 3201, Johannesburg;
Plaaslike Konmitee vir die Pretoriase gebied, Posbus 1095, Pretoria;

„ stukwerk ", iedere stelsel waarby die verdienste van 'n werknemer gebaseer is op die hoeveelheid werk verrig;

„ Pretoriase gebied ", die gebied binne 'n kring van 20 myl vanaf die hoofposkantoor, Pretoria, en 'n gebied binne 'n kring van vyf myl vanaf die poskantoor Witbank;

„ halfgeskoolde arbeider ", 'n werknemer in diens by enigeen van, of al die onderstaande werksaamhede, nl. meganiese voertuig bestuur, hystoestelle bedien, uitsluitlik oor ongeskoolde dagloners toesig hou, steiers oprig, masjiene waarmee beton of klei gemeng word of soortgelyke masjiene bedien en wat daarby die werk van 'n ongeskoolde dagloner mag verrig;

„ struktuur ", ook mure, steunmure en monumente;

„ behoorlike slaapplek ", 'n waterdigte onderdak wat gesluit kan word en voorsien is van 'n houtvloer en die nodige wasbakke en gemak-inrigtings;

„ ongeskoolde arbeider ", 'n werknemer in diens by enigeen van of al die onderstaande:—

(i) klippe of grond uitgraaf of uithaal vir fondamente, slote, riole en waterleidings;
(ii) uitgegrawe klippe en grond verwyder;
(iii) met skopgrawe materiaal in mortel- of betonmengmasjiene gooi, of daaruit haal en mortel of beton met die hand met skopgrawe meng;
(iv) materiaal op- of aflaai;
(v) mortel, stene, klippe, beton of ander boumateriaal dra; of
(vi) gebruikte stene skoonmaak;
(vii) modelvorms vul in werkwinkels van pleisterwerkers;
(viii) geboue en latrines deur naturelle bewoon en gebruik met kalk wit; en met teer werk; en ruwe timmerhout soos dwarsbalke en die onderkant van vloere;

„ Witwatersrandse gebied " die magistraatsdistrikte Johannesburg, Germiston, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan en Heidelberg; 'n gebied binne 'n kring van 20 myl vanaf die poskantoor, Krugersdorp; en 'n gebied binne 'n kring van 10 myl vanaf die poskantoor, Vereeniging;

„ werkende werkgewer of vennoot " elke werkgewer of vennoot in 'n vennootskap wat dieselfde soort werk as enigeen van sy arbeiders in die nywerheid verrig.

*plumbing*, which includes lead burning, gas fitting, sanitary and domestic engineering, drainlaying, caulking, ventilating, heating, hot and cold water fitting, fire installation and the manufacture and fitting of all sheet metal work, whether or not the fixing on the building or structure is done by the person making or preparing the article used.

*shop, office, and bank fitting*, which includes the manufacture and/or fixing of shop fronts, window enclosures, show cases, counters, screens, and interior fittings and fixtures;

*steel reinforcing*;

*steel construction*, which includes the fixing of all classes of steel or other metal columns, girders, steel joists, or metal in any other form which form part of a building or structure;

*woodworking*, which includes carpentry, woodworking machining, turning, carving, fixing of corrugated iron, sound and acoustic material, cork and asbestos insulation, wood lathing, composition ceiling and wall covering, plugging of walls, covering of woodwork with metal, block, and other flooring, including wood and cork and sandpapering of same, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

" Council " means the Industrial Council of the Building Industry (Witwatersrand and Pretoria), as registered in terms of section *two* of the Industrial Conciliation Act, 1924, and deemed to have been registered in terms of the Act;

" country job " means a job within an area to which this Agreement relates, but not within a radius of eight miles calculated from the principal post office of any town mentioned in Clause 8;

" essential services " means any work which must necessarily be performed in order to ensure the health and safety of the public or the carrying on of any other industry, business or undertaking;

" Local Committee " means a Local Committee of the Council appointed in terms of its constitution for the regulation of industrial agreements in a specified area; the addresses of the Committees so appointed are as follows:—

Local Committee for the Witwatersrand area, P.O. Box 3201, Johannesburg;
Local Committee for Pretoria area, P.O. Box 1095, Pretoria;

" piece-work " means any system of work under which an empleyee's earnings are based on quantity or output of work done;

" Pretoria area " means the area within 20 miles radius from the General Post Office, Pretoria, and an area within five miles radius from the Post Office, Witbank;

" semi-skilled labourer " means an employee engaged in any or all of the following classes of work: Driving mechanical vehicle, operating hoists, supervising solely unskilled labourers, scaffold erecting, supervising concrete mixers or mortar mills or other similar machines; and who may in addition perform the work of an unskilled labourer;

" structure " includes walls, retaining walls, and monuments;

" suitable sleeping accommodation " means a waterproof shelter capable of being securely locked, with a wooden floor and the necessary washing and lavatory accommodation;

" unskilled labourer " means an employee engaged on any or all of the following:—

(i) digging or taking out stone or soil for foundations, trenches, drains and channels;
(ii) removing excavated stone and soil;
(iii) shovelling materials into or removing them from mortar or concrete mixing machines, and mixing mortar or concrete by hand with shovels;
(iv) loading or unloading materials;
(v) carrying mortar, bricks, stone, concrete or other materials; or
(vi) cleaning used bricks;
(vii) filling of moulds in plasterers' modelling shops;
(viii) lime-washing and the use of tar or similar products on buildings and latrines occupied and used by natives, and rough timber such as joists, etc., and underside of floors;

" Witwatersrand area " means the Magisterial Districts of Johannesburg, Germiston, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan and Heidelberg, an area within 20 miles radius from the Post Office, Krugersdorp, and an area within 10 miles radius from the Post Office, Vereeniging;

" working employer or partner " means any employer or any partner in a partnership who himself performs work similar to that carried out by employees in the industry.

4. LONE.

(1) (*a*) Geen werkgewer of werknemer mag onderskeidelik lone betaal of aanneem teen laer skale as die volgende, gelees met die ander bepalings van hierdie artikel:—

(i) Ongeskoolde arbeiders: 5½d. per uur.

(ii) Halfgeskoolde arbeiders: 1s. per uur.

(iii) Werknemers in die skildersbedryf: 3s. 4d. per uur.

(iv) Werknemers in alle ander bedrywe: 3s. 6d. per uur.

(*b*) *Verskillende Loonskale.*—'n Werknemer wat op enige dag twee of meer soorte werk verrig waarvoor verskillende lone betaalbaar is, moet vir die hele sodanige dag betaal word teen die hoër loon wat ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subartikel betaalbaar is.

(2) *Besoldiging vir werk op sekere dae.*—Vir werk wat op Sondag, Goeie Vrydag, Meidag en Kersdag, voor aanvang van die gewone werkure op die daaropvolgende dag gedoen word, moet 'n werkgewer wanneer van die bepalings van artikel 10 (5) van hierdie Ooreenkoms vrystelling verleen is, 'n werknemer tot die tyd waarop werk gewoonlik op die volgende dag 'n aanvang neem betaal teen dubbel die tarief wat in hierdie artikel vasgestel is.

(3) *Gevaarlike Werk.*—Ten opsigte van alle gevaarlike werk moet 'n hoër loon as die vasgestelde minimum betaal word, en sodanige loon moet deur werkgewer en werknemer onderling bepaal word. Ingeval van geskil moet die bedrag wat betaal moet word deur die Plaaslike Komitee in die betrokke gebied vasgestel word.

(4) Elke werkgewer wat minstens twee persone in diens het wat geregtig is tot lone teen die tarief bepaal in subartikels 1 (*a*) (iii) en (iv) van hierdie artikel, moet ten minste een halfgeskoolde arbeider in diens neem.

5. STUKWERK.

Werkgewers word verbied om stukwerk aan werknemers te gee, en werknemers word verbied om werk op stukwerkbasis te verrig.

6. KONTRAKTE UITSLUITLIK VIR ARBEID.

Geen werkgewer mag werk uitgee wat op 'n basis van uitsluitlik arbeid is nie.

7. GEWONE EN OORTYDBESOLDIGING.

(1) Lone en verdienstes vir oortyd moet weekliks op Vrydag, of by diensbeëindiging, ingeval dit voor die gewone betaaldag van die werknemer val, in kontant betaal word. Met voorafgaande skriftelike toestemming van die plaaslike komitee in die betrokke gebied kan egter op 'n ander dag as Vrydag betaal word.

(2) Lone en verdienstes vir oortydwerk moet aan werknemers oorhandig word in verseëlde koeverte waarop die naam van die werknemer, die getal ure gewerk, bedrae wat afgetrek is, en die ingeslote bedrag, aangeteken is.

(3) Behoudens die bepalings van artikel 21 van hierdie Ooreenkoms mag van loon en besoldiging vir oortydwerk aan werknemers betaalbaar geen bedrae afgetrek word nie, met dien verstande dat bedrae wat 'n werkgewer ten behoewe van 'n werknemer gestort het ingevolge 'n verpligting hom opgelê deur een of ander wet, ordonnansie of regsgeding, afgetrek mag word.

8. TOELAES TEN OPSIGTE VAN VERVOER EN TYD OPGENEEM DEUR STAP.

(1) As 'n werknemer werk verrig binne 'n gebied waarin hierdie Ooreenkoms van toepassing is en buite 'n kring van drie myl maar binne 'n kring van agt myl vanaf die Hoofposkantoor te Pretoria, Witbank, Nigel, Brakpan, Springs, Benoni, Boksburg, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Maraisburg, Roodepoort, Krugersdorp, Randfontein of Vereeniging, moet die werkgewer aan sodanige werknemer vir elke myl van die afstand wat die werk buite sodanige kring van drie myl geleë is, 'n toelae gelyk aan een-kwart van die uurloon, soos in artikel 4 bepaal, betaal.

(2) Die toelae is vir slegs een rigting daagliks betaalbaar.

(3) Die werkgewer is geregtig om in die plek van die toelae vervoer na en van die werk te verskaf, of om vir vervoer te betaal ten opsigte van die genoemde afstand.

(4) Die tyd in beslag geneem deur na die werk te gaan en terug te kom val buite die gewone werkure in artikel 10 bepaal.

(5) Enige werknemer geregtig op toelaes ten opsigte van vervoer of tyd in beslag geneem deur na die werk te stap, moet dit weekliks vorder.

9. PLATTELANDSWERK.

Aan 'n werknemer wat na plattelandswerk gestuur word, moet die werkgewer onderstaande toelaes vir vervoer en/of vir slaapplek betaal:—

(*a*) Ingeval dit redelikerwys van 'n werknemer gesê kan word dat hy daagliks na huis kan terugkeer en dit ook werklik doen, daagliks 'n spoorwegretoerkaartjie (tweedeklas). Slegs vir die tyd wat gewerk is word betaal.

4. WAGES.

(1) (*a*) No employer shall pay and no employee shall accept wages at rates lower than the following, read with the remaining provisions of this clause:—

(i) unskilled labourers: 5½d. per hour;

(ii) semi-skilled labourers: 1s. per hour;

(iii) employees in the painting trade: 3s. 4d. per hour;

(iv) employees in all other trades: 3s. 6d. per hour.

(*b*) *Differential Rates.*—An employee who on any day performs two or more classes of work, for which different wages are payable, shall be paid at the higher wage payable in terms of paragraph (*a*) of this sub-clause for the whole of such day.

(2) *Payments for Work on Certain Days.*—When exemption has been granted from the provisions of clause 10 (5) of this Agreement, double the wages laid down in this clause shall be paid by an employer for all time worked on Sundays, Good Friday, May Day and Christmas Day, until the usual starting time on the following day.

(3) *Dangerous Work.*—On all jobs of a dangerous nature, wages in excess of the minimum prescribed, shall be paid, the amount to be mutually agreed upon between individual employers and employees. In case of dispute, the amount to be paid shall be determined by the Local Committee in the area concerned.

(4) Every employer who employs at least two persons entitled to wages at the rate provided for in sub-clauses 1 (*a*) (iii) and (iv) of this clause, shall employ at least one semi-skilled labourer.

5. PIECE-WORK.

The giving out by employers or the performance by employees of work on a piece-work basis is prohibited.

6. LABOUR ONLY CONTRACTS.

No employer shall give out work on a labour only contract basis.

7. PAYMENT OF WAGES AND OVERTIME.

(1) Wages and earnings for overtime shall be paid in cash weekly on Fridays or on termination of employment if this takes place before the ordinary pay-day of the employee. Payments, may, however, be made on days, other than Fridays with the prior consent in writing of the Local Committee in the area concerned.

(2) Wages and earnings for overtime shall be handed to employees, in sealed envelopes endorsed with the name of the employee and a statement of the number of hours worked, any deductions which may have been made, and amount enclosed.

(3) Subject to the provisions of clause 21 of this Agreement no deductions shall be made from amounts due to employees in respect of wages or remuneration for overtime work, provided that where an employer is compelled by any law, ordinance, or legal process to make any payment on behalf of an employee, any amount so paid may be deducted.

8. WALKING TIME AND TRANSPORT.

(1) Whenever a job is situated within an area to which this Agreement relates, and not within a radius of three miles but within a radius of eight miles from the principal post office at Pretoria, Witbank, Nigel, Brakpan, Springs, Benoni, Boksburg, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Maraisburg, Roodepoort, Krugersdorp, Randfontein, or Vereeniging, an employer shall pay to an employee who is working on such job an allowance at the rate of one quarter of an hour's wage, as prescribed in clause 4, for every mile of the distance beyond such three miles radius.

(2) The allowance shall be payable for one way only daily.

(3) An employer shall be entitled to provide transport both ways in lieu of the aforegoing, or pay for transport, in respect of the said distance.

(4) Any time occupied by an employee in proceeding to or from work shall be outside the ordinary working hours prescribed in clause 10.

(5) Any employee entitled to walking time or transport allowances shall claim same weekly.

9. COUNTRY JOBS.

The following transport allowances and/or allowances for sleeping accommodation shall be paid by an employer to an employee sent by him to work on a country job:—

(*a*) Where the employee can reasonably be said to be able to and does return to his home every day, return second class railway fare daily. Only time worked on job shall be paid for.

(*b*) Ingeval dit nie redelikerwys van 'n werknemer gesê kan word dat hy daagliks na huis kan terugkeer nie—

(i) 'n tweedeklas-spoorwegkaartjie na en van die werk onderskeidelik aan die begin en by beëindiging van sodanige werk. Slegs vir tyd gedurende gewone werkure op reis deurgebring, word betaal, en wel teen die uurloon van die betrokke werknemer, soos in artikel 4 bepaal; en die helfte van die uurloon vir tyd gereis na die gewone werkure;

(ii) behoorlike slaapplek naby die werkplek of pleks daarvan 'n toelae van 7s. 6d. per werkdag.

(*c*) Wanneer dit redelikerwys van 'n werknemer gesê kan word dat hy vir naweke na huis kan gaan en terugkeer op die gewone begintyd van die werk op Maandag (of Dinsdag indien Meidag of Kersdag op 'n Sondag of Maandag val) is hy elke week geregtig tot 'n tweedeklas-spoorwegretoerkaartjie, maar ingeval die reis nie onderneem word nie, is geen toelae pleks van sodanige kaartjie betaalbaar nie, en ten opsigte van tyd wat gedurende sodanige naweek gereis word, word geen loon betaal nie.

### 10. Werkure.

(1) (*a*) Behoudens die bepalings van subartikel (4) van hierdie artikel en van artikel 11 van hierdie Ooreenkoms, mag 'n werkgewer nie eis of toelaat dat 'n werknemer werk, en mag geen werknemer werk voor 8 v.m. of na 12 uur (middag) op Saterdag of voor 8 v.m. of na 5 n.m. of tussen 12 uur (middag) en 1 n.m. op enige ander dag nie.

(*b*) Nieteenstaande die bepalings van subartikel 1 (*a*) van hierdie artikel mag 'n werkgewer toelaat dat 'n werknemer vir wie lone in artikel 4 (1) (*a*) (i) of (ii) voorgeskryf is, werk om 7.30 v.m. begin en om 5.30 n.m. ophou op 'n gewone weekdag en 12.30 n.m. op Saterdae.

(2) Op aanbeveling van die betrokke p'aaslike komitee kan die Raad toestaan dat by plattelandswerk die hele weeklikse werktyd oor vyf dae verdeel word, mits die werkure ten opsigte van elke dag vasgestel word in enige vrystellingsertifikaat uitgereik ingevolge artikel 20 van hierdie Ooreenkoms, en mits die werkure deur die werkgewer en werknemer nageleef word.

(3) Geen werkgewer mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad enige werknemer toelaat of van hom verlang om in verband met enige werk of op enige werkplek buite die ure voorgeskryf in subartikels (1) (*a*) en (*b*) van hierdie artikel te werk nie. Aansoek om afwyking van die werkure moet geskied deur middel van die plaaslike komitee wat alle aansoeke met hul aanbeveling moet stuur aan die Raad deur wie besluit moet word ten opsigte van watter ure en op watter voorwaardes die afwyking toegestaan sal word.

(4) Geen werknemer mag solank hy in diens by 'n werkgewer is, buite die werkure in hierdie artikel voorgeskryf of ingevolge daarvan vasgestel, of op Sondag, Meidag, Goeie Vrydag of Kersdag, in die bounywerheid enige werk vra, onderneem of doen nie, of hy daarvoor besoldig word of nie, tensy die skriftelike toestemming van die plaaslike komitee in die betrokke gebied vooraf verkry is, behalwe dat sodanige arbeider werk vir homself alleen mag verrig.

(5) Op Meidag, Goeie Vrydag en Kersdag mag geen werkgewer toelaat dat daar gewerk word nie.

### 11. Oortyd.

(1) 'n Werkgewer mag nie eis of toelaat dat 'n werknemer oortyd werk nie, behalwe in verband met noodsaaklike werk wat onmiddellik aan die plaaslike komitee in die betrokke gebied gerapporteer moet word.

(2) Enige werknemer van wie dit verlang word om oortyd te werk moet teen anderhalfmaal sy gewone loonskaal betaal word vir enige tyd gewerk tussen die tyd waarop werk gewoonlik gestaak word en die eerste vier uur daarna, met uitsondering egter van tyd opgeneem vir verversings; daarna teen dubbel die loonskaal vir elke uur of deel van 'n uur tot tyd waarop werk gewoonlik op die volgende dag begin.

(3) Geen werknemer mag toelaat dat 'n werknemer werk, en geen werknemer mag werk vir meer as twee-een-twintig uur oortyd in enige week nie.

### 12. Diensbeëindiging.

(1) 'n Werknemer, wat sy diens by 'n werkgewer wil beëindig, en 'n werkgewer wat 'n werknemer se diens wil beëindig, moet die diens, in die geval van timmermans of skrynwerkers minstens twee uur en in die geval van ander arbeiders minstens een uur, vooraf opsê, met dien verstande dat sodanige diens op enige dag nie voor die tyd waarop werk ten opsigte van sodanige dag volgens voorskrif van of soos vasgestel ingevolge artikel 10 van hierdie Ooreenkoms eindig, mag eindig nie.

(2) 'n Werknemer moet gedurende die tyd van diensopsegging waarna in subartikel (1) van hierdie artikel verwys word, toegelaat word om sy gereedskap in goeie orde vir gebruik te bring.

(3) Diens behoef nie opgesê te word nie tensy die betrokke werknemer vir minstens drie agtereenvolgende dae vir dieselfde werkgewer gewerk het.

(*b*) Where the employee can reasonably be said to be unable to return to his home daily—

(i) second class railway fare to and from the place of work at the beginning and termination of such work respectively; time occupied in travelling during the ordinary working hours shall be paid for at the hourly rate of wages of the employee concerned as prescribed in clause 4, and half the hourly rate of wages for time travelling after the ordinary working hours;

(ii) suitable sleeping accommodation, in proximity to the place of work, or an allowance of 7s. 6d. per working day in lieu thereof.

(*c*) Where an employee can reasonably be said to be able to proceed to his home at the week-end and return by the ordinary starting time on Monday (or Tuesday, if May Day or Christmas Day falls on a Sunday or Monday) he shall be entitled to second class railway return fare at week-ends, but no payment in lieu of such fare shall be made if the journey is not undertaken; wages shall not be payable in respect of any time spent in travelling during such week-ends.

### 10. Hours of Work.

(1) (*a*) Subject to the provisions of sub-clause (4) of this clause and clause 11 of this Agreement, an employer shall not require or allow an employee to work and an employee shall not work earlier than 8 a.m. or later than 12 noon on Saturdays, or earlier than 8 a.m. or later than 5 p.m. or between 12 noon and 1 p.m. on any other day.

(*b*) Notwithstanding sub-clause (1) (*a*) of this clause an employer may permit an employee for whom wages are provided in clause 4 (1) (*a*) (i) or (ii), to commence work at 7.30 a.m. and to finish work at 5.30 p.m. on an ordinary week day and 12.30 p.m. on a Saturday.

(2) The Council may permit the whole weekly period of hours to be worked in five days on country jobs on the recommendation of the Local Committee concerned, provided that the hours of work for each day shall be fixed in any certificate of exemption granted in terms of clause 20 of this Agreement, and shall be complied with by employer and employee.

(3) No employer shall require or permit any employee to work on any job, or in any shop, during hours other than those prescribed in sub-clauses (1) (*a*) and (*b*) of this clause without first obtaining the consent of the Council. Application for varying the hours of work must be made through the Local Committee who will forward all applications, with their recommendation, to the Council who will decide on what hours and subject to what conditions the variation is granted.

4. No employee whilst in the employ of an employer shall solicit, undertake, or perform any work in the Building Industry, whether for remuneration or not, outside the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with this clause nor on Sundays, May Day, Good Friday or Christmas Day, unless the consent of the Local Committee in the area concerned has first been obtained in writing, save that such employee may perform work for himself only.

(5) No work shall be permitted by an employer on May Day, Good Friday and Christmas Day.

### 11. Overtime.

(1) An employer shall not require or allow an employee to work overtime except on essential work, which must be reported immediately to the Local Committee in the area concerned.

(2) Any employee who is required to work overtime shall be paid at the rate of one and a half times his ordinary rate of wages for any time worked between the ordinary finishing time and the next succeeding four hours, but shall not include any time taken for refreshments, thereafter at double the rate of wages for every hour or part of an hour, until the usual starting time on the following day.

(3) No employer shall permit an employee to work and no employee shall work more than twenty-two hours in any one week in respect of overtime.

### 12. Termination of Employment.

(1) An employee desirous of terminating his employment with an employer, and any employer desirous of terminating the services of an employee shall give, in the case of carpenters or joiners, not less than two hours' notice, and in the case of other employees not less than one hour's notice of such termination of employment to the employer or employee, as the case may be, provided that employment shall not on any day terminate before the finishing time prescribed in or as may be laid down in accordance with clause 10 of this Agreement for such day.

(2) An employee shall, during the period of notice referred to in sub-clause (1) of this clause, be allowed to put his tools in working order.

(3) No notice of termination of employment shall be required unless the employee concerned has worked for at least three consecutive days with the same employer.

13. Bergplek vir en Verskaffing van Gereedskap, ens.

(1) Die werkgewer moet by alle werk voorsiening maak vir 'n behoorlike plek waar gereedskap agter slot gebring kan word. Hierdie bepaling is nie van toepassing op klein werkies nie. Die werkgewer is aanspreeklik vir enige verlies van gereedskap in bewaarkamers, afdakke en werkplekke deur brand gely deur die werknemer, en hy moet sodanige gereedskap teen brand verseker.

(2) Werkgewers moet slypstene vir die slyp van gereedskap verskaf. In geval op 'n werkplek geen slypsteen verskaf word nie, moet aan timmermans en skrynwerkers vóór diensbeeindiging voldoende tyd en geleentheid gegee word om hul gereedskap weer in goeie orde vir gebruik te bring.

(3) Werkgewers moet voorsiening maak in die geval van—

(*a*) *timmermans*, vir alle klemme, handskroewe, lymkwaste, skroefsleutels, koevoete, houtbore en boorysters langer as 12 duim en hamers swaarder as 3 lb.;

(*b*) *steenhouers en messelaars*, vir—

(i) gereedskap vir die bewerking van graniet of harde klip en vir klouhamers;

(ii) behoorlike afdakke, waarvan die dak minstens tien voet hoog moet wees vir steenhouers—hierdie bepaling is nie toepaslik op klein werkies op bouterreine nie;

(iii) 'n bevoegde gereedskapsmid om gereedskap skerp te maak;

(*c*) *skilders en plakkers*: vir alle gereedskap, behalwe glasmakersmesse, stofbesems en pakkerskwaste en -skêre;

(*d*) *pleisteraars*: vir „dagga" planke en steiers van voldoende hoogte, rollers, reihout en spesiale gereedskap vir granoliet;

(*e*) *loodgieters en gas-aanlêers*: vir—

(i) masjiene wat in die werkplek of in verband met die werk gebruik word;
(ii) handaambeelde en klinknaels en boorysters van alle groottes;
(iii) draadsnywerktuie soos kraanbore, draadsnyers, tappe en palbore;
(iv) pypsnyers en bankskroewe;
(v) spesiale en swaar stopysters en vuurpotte;
(vi) smeltpotte en groot gietlepels;
(vii) beitels, deurslae en muurbore langer as 9 duim;
(viii) soldeerboute en blaaslampe;
(ix) vyle en metaalsaagblaaie;
(x) skroefspille van meer as 2 duim deursnee;
(xi) klinknaelstelle van klinknael No. 12 en daarbo, en dryfbeitels;
(xii) hamers vir bewerking van geplette metaal en swaar hamers;
(xiii) deurslae van meer as ¼ (een-kwart) duim deursnee hol of solied;
(xiv) skroefsleutels en tange van meer as 12 duim deursnee;

(*f*) *elektrisiëns*: vir groot vyle, blaaslampe, spanskroewe, groot beitels, saagblaaie, skroefsny-gereedskap, pypskroewe en staal trekbande.

14. Spesiale Bepalings vir die Verrigting van Sekere Soorte Werk.

Werkgewers en werknemers moet onderstaande reëls nakom:—

(1) *Werkwinkels van Model-pleisterwerkers*: Geen werkgewer mag toelaat dat giet- of modelvorms gevul word sonder behoorlike toesig van 'n werknemer wat minstens 3s. 6d. per uur betaal moet word, en sodanige werknemer mag nie lone teen 'n laer tarief aanneem nie.

(2) *Betonwerk*: Elke werkgewer moet 'n werknemer wat aanhoudend te werk gestel moet word onderwyl beton *in situ* geplaas word, teen 'n loonskaal van minstens 3s. 6d. per uur in diens neem en dit moet uitsluitlik die plig wees van hierdie werknemer om toesig te hou oor ander persone wat hierdie klas werk verrig.

(3) (*a*) *Klipwerk*: (i) 'n Werkgewer mag geen persoon behalwe 'n messelaar (klip) as 'n bediener van klipdraai- of -skaafmasjiene en van diamant- en karborundumsaagmasjiene in diens neem, tensy sodanige persoon in ontvangs is van 'n loon van minstens 3s. 6d. per uur en geen sodanige werknemer mag werk tensy hy in ontvangs is van 'n loon van minstens 3s. 6d. per uur.

(ii) Op werk wat gewoonlik deur messelaars (klip) verrig word, waarby die bewerking en aanbring van leiklip behalwe die opsit van leiklipdakke en leiklipbekleding inbegrepe is, mag 'n werkgewer geen persoon behalwe 'n gekwalifiseerde messelaar (klip) in diens neem nie.

(*b*) 'n Werkgewer moet aan werknemers wat saagblaaie set, klippe gereedstel om gesaag te word, en alle klippe vir die poleermasjiene gereedmaak en waterpas stel, 'n loon van minstens 3s. 6d. per uur betaal en sodanige werknemer mag nie lone teen 'n laer tarief as 3s. 6d. per uur aanneem nie.

(*c*) Geen werkgewer mag toelaat dat klipmesselaarstellasies minder as 6 voet van mekaar staan en gedurende die werkure stof met die uitblaaspyp, of ander lug, weggeblaas word nie.

13. Storage and Provision of Tools, etc.

(1) A suitable place shall be provided by the employer on all jobs for locking up tools. This shall not apply to jobbing work. The employer shall be responsible for any loss of tools in lockups, sheds, and workshops due to fire, suffered by the employee and he shall insure such tools against loss by fire.

(2) Employers shall supply grindstones for sharpening tools. Where no grindstone is provided on a job, suitable time and facilities shall be granted to carpenters and joiners prior to termination of employment to put their tools in order.

(3) Employers shall provide in the case of—

(*a*) *carpenters*: all cramps, handscrews, glue brushes, wrenches, crowbars, augers and bits over 12 inches long, and all hammers over 3 lb.;

(*b*) *masons and stone-cutters*:

(i) tools for working granite or hard stone and claws;
(ii) suitable sheds for stone-cutters, the roof of which must be not less than 10 ft. high. This rule shall not apply to small jobs on building sites;
(iii) a competent toolsmith to sharpen all tools;

(*c*) *painters and paperhangers*: all tools, except putty knives, dusters, and paperhangers' brushes and scissors;

(*d*) *plasterers*: dagga-boards and stands of suitable height, rollers, straight edges, and special granolithic tools;

(*e*) *plumbers and gasfitters*:

(i) machines used in shop or on job;
(ii) stake and riveting bars and drills of all sizes;
(iii) screwing tackle, such as stock, dies, taps and ratches;
(iv) pipe-cutting tools and vices;
(v) special and heavy caulking irons and firepots;
(vi) metal pots and large ladles;
(vii) chisels, punches, and wall pins over 9 inches in length;
(viii) soldering irons and blow lamps;
(ix) files and hacksaw blades;
(x) mandrils over 2 inches in diameter;
(xi) rivet sets from No. 12 rivet and over, and grooving tools;
(xii) sheet metal workers' mallets and heavy dressers;
(xiii) punches over ¼ (quarter) inch in diameter, hollow or solid;
(xiv) wrenches and tongs over 12 inches in diameter;

(*f*) *electricians*: large files, blow lamps, draw vices, large chisels, saw blades, screw cutting tools, pipe vices and steel draw tapes.

14. Special Provisions governing the Performance of Certain Classes of Work.

Employers and employees shall observe the following rules:—

(1) *Plasterers' Modelling Shops*: No employer shall permit work in connection with the filling of moulds unless an employee is in charge thereof who is in receipt of wages at not less than 3s. 6d. per hour, and such supervising employee shall not accept wages at a lesser rate.

(2) *Concrete Work*: Every employer shall employ an employee at a rate of not less than 3s. 6d. per hour who shall be continuously employed whilst concrete is being placed *in situ* and it shall be the sole duty of this employee to supervise other persons doing this class of work.

(3) (*a*) *Stone Work*: (i) An employer shall not employ any person other than a mason as an operator of a stone turning and planing machine and/or a diamond and carborundum sawing machine unless such person is in receipt of wages of not less than 3s. 6d. per hour and no employee may so work unless in receipt of wages of not less than 3s. 6d. per hour.

(ii) An employer shall not employ any person other than a qualified mason on work usually performed by masons, which includes the working and fixing of slate other than roofing with slate or facing work in slate.

(*b*) An employer shall pay an employee employed in fixing saw blades, setting stones ready for sawing, and/or fixing and levelling all stones for polishing machines, wages at not less than 3s. 6d. per hour and no employee so employed may accept wages at less than 3s. 6d. per hour.

(*c*) An employer shall not permit masons' bankers to be less than six feet apart or dust to be blown off with exhaust or other air during working hours.

(*d*) Geen bewerkte klip mag uit 'n distrik in die Unie van Suid-Afrika waar lone in die nywerheid op 'n laer skaal is, deur 'n werkgewer gebruik word vir die oprigting van geboue of strukture.

(*e*) Alle vierkantige klip moet in die werkgewer se werkplek of by die werk self, bewerk word, maar dit mag, met behulp van 'n splythamer alleen by die steengroewe kleiner gemaak word. Indien die werkgewer se werkplek naby die steengroewe geleë is, moet dit op 'n redelik-veilige afstand van die steengroewe se werkfront geleë wees.

(4) *Steiers*: Die werkgewer moet sorg dat alle steiers behoorlik uit goeie materiaal gemaak word, en opgerig word onder die voortdurende toesig van 'n takelmeester aan wie die werkgewer minstens 3s. 6d. per uur moet betaal, en sodanige persoon mag nie lone teen 'n laer tarief as 3s. 6d. per uur aanneem nie.

(5) *Betonmengmasjiene, mortelmeules of soortgelyke masjiene*: Ten opsigte van elke betonmengmasjien, mortelmeul of soortgelyke masjien in gebruik, moet elke werkgewer teen 'n tarief van minstens 1s. per uur 'n halfgeskoolde arbeider in diens neem wat voortdurend in diens gehou moet word terwyl beton of mortel gemeng of gemaal word en hierdie werknemer moet uitsluitlik in diens wees om toesig te hou oor die bediening van enige masjien wat vir hierdie doeleindes gebruik word.

15. Beskutting teen Nat Weer.

Werkgewers moet op elke terrein waar daar bouwerk uitgevoer word, voorsiening maak vir behoorlike beskutting waar die werknemers tydens nat weer kan skuil.

16. Latrines.

Behoorlike saniteitsgeriewe moet op alle werkplekke vir blankes en nie-blankes afsonderlik verskaf word.

17. Verversings.

Elke werkgewer moet sorg dat daar 'n persoon is wat vir sy werknemers tee kan maak in die voormiddag, op die middag en in die namiddag. Geen werknemer mag die plek waar hy werk vir tee in die voor- of namiddag verlaat nie.

18. Werkende Werkgewer.

Enige werkende werkgewer moet die werkure wat in of kragtens hierdie Ooreenkoms bepaal is, nakom in soverre dit betrekking het op die bedryf wat hy beoefen.

19. Uitvoering van die Ooreenkoms.

Die Raad is die liggaam wat verantwoordelik is vir die uitvoering van hierdie Ooreenkoms en hy mag dit vir die leiding van werkgewers en werknemers nader verklaar mits sodanige verklaring nie met die bepalings daarvan teenstrydig is nie, en in alle gevalle waar dit vereis of toegelaat word dat 'n Plaaslike Komitee 'n besluit moet neem, mag sodanige besluit na die Raad in die vorm van 'n appèl deur enige persoon wat deur sodanige besluit gegrief voel, verwys word.

20. Vrystellings.

(1) Die Raad mag om enige goeie en genoegsame rede aan enige persoon of persone skriftelike vrystelling van die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen.

(2) Die Raad moet ten opsigte van enige persoon aan wie kragtens die bepalings van hierdie artikel vrystelling verleen word, die voorwaardes waarop en die tydperk waarvoor sodanige vrystelling verleen is, vasstel, met dien verstande dat die Raad, na goeddunke en nadat dié betrokke persone vooraf skriftelik in kennis gestel is, enige vrystellingsertifikaat mag intrek of die tydperk waarvoor vrystelling verleen is, verstryk het al dan nie.

(3) Aan elke vrygestelde persoon moet 'n vrystelling-sertifikaat, onderteken deur die Sekretaris van die Raad, uitgereik word. 'n Vrystellingsertifikaat is buite die gebied waarvoor dit uitgereik is, nie geldig nie.

(4) Die Raad kan 'n vrystellingsertifikaat te eniger tyd in die loop van die termyn, waarvoor dit uitgereik is, wysig of terugtrek, sonder om enige rede daarvoor te gee.

(5) 'n Werkgewer moet die gewysigde bepalings geskep deur enige vrystellingsertifikaat, uitgereik ingevolge die bepalings van hierdie artikel, nakom.

21. Uitgawes van die Raad.

(1) Ten einde die uitgawes van die Raad te kan dek, moet elke werkgewer van die loon van elkeen van sy werknemers, behalwe vakleerlinge, wie se lone in artikel 4 van hierdie Ooreenkoms vasgestel is, drie pennies per week aftrek, met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is op werknemers wat in enige week minder as drie dae by dieselfde werkgewer gewerk het nie. By die bedrag aldus verkry moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg, en genoemde bedrae moet deur die werkgewer aan die Raad betaal word, ooreenkomstig die prosedure in subartikel (2) hiervan voorgeskryf.

(*d*) An employer shall not utilize in the erection of buildings or structures within the area to which this Agreement relates, stone which has been dressed in any area in the Union of South Africa in which a lower minimum scale of wages is in operation for such stone dressing.

(*e*) All squared stone must be worked in the employer's yard or on the job, but may be reduced in size at the quarry by the use of a spall hammer only. When the employer's yard is situated at the quarry, it must be a reasonably safe distance from the working face of the quarry.

(4) *Scaffolding*: An employer shall ensure that all scaffolding is properly constructed of sound material and that same is erected under the constant supervision of a competent person, to whom the employer shall pay not less than 3s. 6d. per hour and such person shall not accept wages at a lower rate than 3s. 6d. per hour.

(5) *Concrete Mixers, Mortar Mills or Similar Machines*: Every employer shall employ a semi-skilled labourer at a rate of not less than 1s. per hour for each concrete mixer, mortar mill or similar machine in use, who shall be continuously employed whilst concrete or mortar is being mixed or ground and it shall be the sole duty of this employee to supervise the operation of any machine used for these purposes.

15. Wet Weather Shelter.

At any site where building operations are being conducted employers shall provide suitable accommodation in which employees may take shelter during wet weather.

16. Latrines.

Proper sanitary accommodation shall be provided by employers on all jobs for Europeans and non-Europeans separately.

17. Refreshments.

Every employer shall provide a person for the preparation of tea for his employees in the morning, at noon and in the afternoon. No employee may leave the position where he is working for tea in the morning or afternoon.

18. Working Employer.

Any working employer shall, in respect of the trade at which he is working, observe the working hours prescribed in or in terms of this Agreement.

19. Administration of Agreement.

The Council shall be the body responsible for the administration of this Agreement and it may issue expressions of opinion not inconsistent with the provisions thereof for the guidance of employers and employees, and all matters on which a local committee is required or permitted to reach a decision shall be capable of being referred by any person aggrieved by a decision to the Council by way of appeal.

20. Exemptions.

(1) The Council may, in writing, grant exemptions to any person or persons from any of the provisions of this Agreement for any good and sufficient reason.

(2) The Council shall fix in respect of any person granted exemption under the provisions of this section, the conditions subject to which such exemption is granted and the period during which such exemption shall operate, provided that the Council may, if it deems fit, after notice in writing has been given to the person concerned, withdraw any licence of exemption whether or not the period for which exemption was granted has expired.

(3) A licence of exemption under the signature of the Secretary of the Council shall be issued to every person exempted. A licence shall not be valid in an area other than that for which it was granted.

(4) A licence of exemption may be amended or withdrawn at any time by the Council without assigning any reason, during the period for which it was granted.

(5) An employer shall observe the modified conditions created by any licence of exemption granted in accordance with the provisions of this clause.

21. Expenses of the Council.

(1) For the purpose of meeting the expenses of the Council, each employer shall deduct 3d. per week from the earnings of each of his employees, other than apprentices, for whom wages are prescribed in clause 4 of this Agreement, provided that the provisions of the clause shall not apply in respect of any employee who has worked for the same employer for less than three days in any one week, and to the amount so deducted the employer shall contribute an equal amount and the said amounts shall be paid by the employer to the Council in accordance with the procedure prescribed in sub-clause (2) hereof.

(2) Alle bedrae wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel ten opsigte van elke maand betaalbaar is, tesame met 'n opgawe van die getal werknemers in diens en hul ambagte, moet voor of op die sewende dag van elke daaropvolgende maand deur die werkgewer aan die sekretaris van die betrokke plaaslike komitee in die gebied waar die werk gedoen word, gestuur word.

22. Registrasie van Werkgewers.

(1) (*a*) Elke werkgewer in die Bounywerheid op die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word, moet, indien hy dit nie alreeds gedoen het nie ooreenkomstig enige vorige Ooreenkoms beheer deur die Raad, binne drie maande aan die sekretaris van die plaaslike komitee vir die gebied waarin hy sake doen, onderstaande besonderhede stuur—

(i) volle naam;
(ii) besigheidsadres;
(iii) die ambag of ambagte van die nywerheid wat hy beoefen.

(*b*) Die besonderhede vereis ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subartikel, moet deur werkgewers wat na die datum van invoering van hierdie Ooreenkoms in die Bounywerheid begin werk, binne een maand na die aanvang van hul werksaamhede verstrek word.

(*c*) Ingeval die werkgewer 'n vennootskap is, moet die inligting ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subartikel ten opsigte van elke vennoot verstrek word. Die naam waaronder die vennootskap sake doen, moet ook verstrek word.

(2) Die sekretaris van die plaaslike komitee moet 'n register hou van alle werkgewers en vennootskappe in subartikel (1) hiervan vermeld.

(3) Elke werkgewer en alle werkgewers wat in vennootskap werk, moet oral waar deur hom of hulle bouwerksaamhede verrig word, op 'n in die oog vallende plek, toeganklik vir die publiek, 'n kennisgewingbord aanbring, waarop die volle naam en besigheidsadres van sodanige werkgewer of vennootskap aangegee word.

23. Agente.

Die Raad moet bepaalde persone aanstel om behulpsaam te wees in die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms, en dit is die plig van elke werkgewer of werknemer in die Bounywerheid om sulke persone toe te laat om sodanige navrae te doen en boeke of dokumente na te gaan wat nodig mag wees om vas te stel of die bepalings van hierdie Ooreenkoms nagekom word.

24. Vertoning van die Ooreenkoms.

'n Eksemplaar van hierdie Ooreenkoms moet in albei offisiële tale en op die vorm voorgeskryf deur die regulasies onder die Wet deur elke werkgewer in elke werkplek of terrein waar hy werk, vertoon word op 'n opvallende plek wat vir al sy werknemers maklik toeganklik is.

25. Indiensneming van Werknemers.

Lede van die vakverenigings stem in om net by lede van die werkgewersorganisasies te werk, en lede van die werkgewersorganisasies stem in om slegs lede van die vakverenigings in diens te neem, met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is waar 'n werkgewer of werknemer in die opinie van die Raad lidmaatskap van 'n party by hierdie Ooreenkoms sonder redelike oorsaak geweier is, en hy die Raad binne veertien dae vanaf sodanige weiering in kennis gestel het.

26. Indiensneming van Jeugdiges.

Geen minderjarige onder die ouderdom van 15 jaar mag in die Bounywerheid in diens geneem word nie.

Onderteken namens die partye te Johannesburg op hede die 25ste dag van Julie 1939.

Robert Forbes.
T. Austin,

Hierdie drie handtekeninge is behoorlik gemagtig deur besluit van die Raad.

J. C. Powell,
Sekretaris van die Raad.

(2) All amounts payable in accordance with the provisions of sub-clause (1) of this clause shall, together with a statement showing the number of employees employed and their trades, be forwarded by the employer to the Secretary of the Local Committee in the area in which the work is executed on or before the seventh day of each month, in respect of the previous month's dues.

22. Registration of Employers.

(1) (*a*) Every employer in the Building Industry at the date on which this Agreement comes into operation shall, if he has not already done so, pursuant to any previous Agreement administered by the Council, within three months, forward to the Secretary of the Local Committee of the area in which he is operating, the following particulars:—

(i) full name;
(ii) business address;
(iii) the trade or trades which he is carrying on in the industry.

(*b*) The particulars required under paragraph (*a*) of this sub-clause shall also be furnished by all employers entering the Building Industry after the date on which this Agreement comes into operation within one month of commencing operations.

(*c*) Where the employer is a partnership, information in accordance with paragraph (*a*) of this sub-clause shall be furnished in respect of each partner. The title under which the partnership is operating shall also be furnished.

(2) The Secretary of the Local Committee shall maintain a register of all employers referred to in sub-clause (1) hereof.

(3) Every employer and all employers working in partnership shall, wherever building operations are being carried out by him or them, display in a conspicuous place, accessible to the public, a notice board showing the full name and business address of such employer or partnership.

23. Agents.

